

VERSTAAN Muggies en Vlieë:

EN VAT HULLE
SOMMER VROEG
VAS HIERDIE
SOMER
SEISOEN



Muggies is klein bloedsuiende insekte en vorm deel van die vlieg familie. Hulle het water nodig om voort te plant. Hulle bite kan baie irriterend wees en kan tot vel reaksies rondom diere se oë en ore lei. Diere word ook ernstig ontwig en wil nie vreet, teel of lammers / kalwers laat drink nie. Hulle is verantwoordelik vir die oordrag van verskeie virussiektes.

DAGBYTENDE MUGGIES

Dagbytende muggies is swart met wit vlerke en hulle voortplanting word voortgesit in droë gebiede met seisoenale water. Die wyfies is gulsige bloedsuiers en kan op mense en diere voed. Hulle is veral 'n probleem gedurende die warm lentemaande, en het 'n plaag geword in die Walvisbaai area.

RIVIERMUGGIES OF SWARTVLIEË

Riviermuggies benodig vinnig vloeiende water soos die Oranjerivier om voort te plant en is hoë getalle van hierdie muggies kom in die somer voor. Riviermuggies is aktief in die dag en die wyfies is bloedsuierend. Indien die muggies in groot getalle voorkom kan hulle vee ernstig ontwig a.g.v die irritasie wat hulle bite veroorsaak.

BYTENDE MUGGIES - *CULICOIDES* SPESIES

Hierdie muggies is veral 'n probleem in die warm somermaande. Die wyfies van hierdie muggies suig bloed van beeste, skape en perde gedurende. Hulle is veral aktief vanaf laat skemer en deur die nag. Hulle is ook draers van die virusse wat bloutong in skape en perdesiekte in perde veroorsaak. Dit word vermoed dat hulle drie-dae-stywesiekte in beeste kan oordra. In perde kan die byt ook 'n allergiese velreaksie veroorsaak.

SANDVLIEGIES

Hierdie klein motagtige muggies is aktief in die nag en bite kan allergiese reaksies veroorsaak.

Beheer van muggies:

Verskeie metodes kan aangewend word om muggie getalle te beheer:

- Bespuit diere of gebruik opgietsdippe met produkte wat sintetiese piretroiede (bv. sipermetrien of deltametrien) bevat. In die tye waar muggies 'n groot probleem is moet diere weekliks behandel word.
- Maak seker jou skape is geënt teen bloutong, beeste teen drie-dae-stywe-siekte en perde teen perdesiekte.
- Waardevolle diere kan teen skemertyd op stal gehou word en diere moet op die hoogste gedeelte van die plaas wei in tye wanneer muggies 'n groot probleem is.
 - Muggies verkies om op beeste te voed. Gebruik hulle om in die nabyheid van skape te loop.
 - Dreineer en bespuit (chemiese plaagdoders) teelareas indien dagbytende muggies 'n probleem is.
 - Wend plaagdoders by broeiplekke aan of verlaag die watervlak (om larwes uit te wis) indien riviermuggies 'n probleem is.



MUSKIETE

Die onvolwasse stadia is altyd waterlewend. Na paring moet die wyfies eers bloed inneem voordat hulle eiers lê. Die *Aedes*-soorte dra Slenkdalkoors aan diere oor. Daar word ook vermoed dat muskiete drie-dae-stywesiekte kan oordra. Muskietbeheer berus op die gebruik van plaagdoders om die larwes in die water en die volwassenes in geboue te dood.

Vlieë is seker een van die grootste verpestings vir mens en dier. Hulle is uiters irriterend en kan groot produksieverliese veroorsaak, hoofsaaklik toe te skryf aan 'n verlies aan weityd wat tot verlaagde voerinnames en 'n verlies aan liggaamsgewig en melkproduksie kan lei. Kieme soos virusse en bakterieë kan ook deur vlieë oorgedra word, voorbeelde hiervan is E.coli, Salmonella, rotavirus, coronavirus, bakterieë wat mastitis veroorsaak en kriptosporidiose.

Die lewensiklus van vlieë word voltooi in 10 tot 21 dae in ideale omgewingstoestande (somermaande). Vlieë soek hitte, vogtigheid en organiese materiaal waar hulle kan voed en eiers lê. Hierdie habitat wat verskaf word deur bv. mis, voerreeste en klam hooi is nodig vir die onvolwasse stadia (eiers, larwes en pappies) om te oorleef.

GESIGVLIË

Gesigvlieë voed gewoonlik op die vog rondom diere se oë, neus en bekke. Hulle veroorsaak irritasie en versprei die bakterieë wat verantwoordelik is vir die "pink oog" sindroom in beeste en skape wat inflammasie en in erge gevalle blindheid kan veroorsaak.

BYTENDE VLIË

Bytende vlieë is vektore van bloed-oordraagbare siektes, soos bosluis oorgedraagde galsiekte (anaplasmose) en miltsiekte. Hulle is bloedsuiend en diere word herhaadelik in die verloop van 'n dag gebyt. Dit gaan gepaard met pyn en bloedverlies. Die volgende is voorbeelde van bytende vlieë: stal-, horing en perdevlieë.



Beheer van vlieë:

Beheer is selde suksesvol deur slegs die volwasse vlieë aan te spreek. Vir voldoende vliegbeheer moet onvolwasse stadiums (eiers, larwes en pappies) sowel as volwasse vlieë aangespreek word, asook hulle potensiële broeiplekke.

Vlieë soek hitte, vogtigheid en organiese materiaal waar hulle kan voed en eiers lê.

Bestuur en beheer hierdie broeiplekke, dit is die plekke waar maaiers en pappies sigbaar voorkom. Mishope, mis-afloopgebiede, areas rondom voerkrippe, kuilvoer en verrottende hooi is voorbeelde van potensiële broeiplekke. Hierdie materiaal moet verkieslik op 'n gereelde basis verwyder word. Sorg vir goeie dreinerings, beperk lekkende water en verwyder verspilde voer.

VOLWASSE Vlieg BEHEER:

- Volwasse vlieë kan gevang word in verskeie fisiese lokvalle wat 'n lokaas bevat.
- Spuit- of opgietsdippe wat sintetiese piretroïede bevat bv. sipermetrien of deltametriën het 'n goeie uitklopeffek op volwasse vlieë. Spuitdippe kan op diere of bv. mure en plafonne gebruik word. Die chemiese middels se nawerking is van korte duur en moet elke 1-2 weke aangewend word a.g.v die feit dat piretroïede deur sonlig afgebreek word.
- Volwasse vlieë kan ook beheer word deur die aktief thiametoksam wat vlieë dood indien hulle dit eet of daarmee in aanraking kom. Feromone wat vlieë aantrek is gewoonlik deel van die formulasies. Dit kan strategies versprei of natgemaak word en aan bv. mure aangeverf word.

Die beheer van volwasse vlieë lei tot minder vlieg-eiers wat gelê word in die omgewing.

ONVOLWASSE Vlieg BEHEER:

- 'n Insekmiddel vir onvolwasse stadiums soos siromasien wat verhoed dat die maaiers ontwikkel na die volgende pappie stadium deur chitienontwikkeling te voorkom kan ook op broeiplekke gestrooi of gespuit word.
- Biologiese beheer kan ook toegepas word deur die natuurlike vyand van die vlieg in sy onvolwasse stadia bv. die gebruik perdebyspesies wat hul eiers lê in vliegpappies en dus lei tot die dood van die pappies. Hierdie vliegparasiete (wespes) moet doelbewus in die omgewing vrygelaat word.

In slot:

Geïntegreerde beheer behels die

kombinering van verskeie metodes.

Optimale muggie en vliegbeheer, beperk onnodige gewigsverliese asook die verspreiding van siektes en lei tot optimale produksie en wins.

Vir meer inligting rondom muggie en vliegbeheer op jou vee kontak jou Kyron Agri verteenwoordiger.